

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

ds. PJ Kriel

Nagmaal

26.02.2017

Inhoud Hierdie preek verkondig hoe die goedheid van God waarmee Hy ons weer vir Hom goed laat wees en goed laat doen, iets anders is as die tipiese welsynsbeeld wat ons in ons eie gemoed oor God en sy goedheid het. Die goedheid van God is hoe Hy is wat Hy is, die Skepper. Hy is goed met en vir sy skepping. In Christus herskep God ons om weer goed te wees en goed te doen, nie om versukkeld te bly in 'n welwillendheid van God waarin ons altyd maar sleg en gebrekkig voor God is nie.

Liturgie. Ps. 23: 1, 2, 3; Lied 297 al die verse; Lied 200 al die verse

Skriflesing. Genesis 1; Galasiërs 4: 3 – 7; Efe. 2:1 – 10.

Teks NAV Efe. 2:10 Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het. 1983 Nee, god het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor hy ons bestem het.

Tema. God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen.

1. Goedheid wat mense goedmaak en goed laat doen!

Dit is die genade, liefde en barmhartigheid wat die Here bewys aan sondaars – om vir hulle só goed te wees dat hulle weer goed is en goed wil doen.

Wat is hierdie goedheid van God wat mense weer goed maak en goed laat doen?

Die 1983 Afrikaanse vertaling en die NAV stel dit beide treffend. Die 1983 vertaling stel dat die goedheid van God maak dat God ons so herskep dat ons ons lewe weer kan wie aan die goeie daade waarvoor God ons bestem het. Die NAV stel dat God ons sy maaksel laat wees, Hy maak dat ons weer goeie werke doen en daarvolgens lewe.

Dit is Christus se verlossing van sonde: om mense weer goed te maak vir God en mense weer vir God goed te laat doen.

2. Hierdie goedheid van God is iets anders as die goedheid waarmee 'n mens welsynswerk doen.

Ons sien menslike goedheid die meeste van die tyd as die goedheid waarmee jy mense wat in nood is, se nood verlig. Ons sien dit as om kos te gee vir mense wat nie kos het nie, om vir mense huisvesting te gee wat nie 'n dak oor hulle kop het nie en om vir mense klere te gee wat nie heel klere het nie.

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

Goedheid in ons gemoed is die barmhartigheid waarmee jy mense se nood verlig.

Ons almal weet dat jy hiermee eintlik baie versigtig voor moet wees. Jy mag nie hulp gee op so manier dat mense afhanklik word van hierdie hulp en jy dan die hele tyd moet hulp gee nie. Jy moet hulle daarom eintlik help om hulle self te help. Anders maak jy met jou hulp dat mense versukkeld word, heeltemal afhanklik raak en niks vir hulle self meer kan of wil doen nie.

Daarom moet jy altyd so goed wees vir mense dat jy hulle help om hulle self te help.

3. Hierdie beeld van maatskaplike goedheid is baie keer die beeld waarvolgens ons die Here se goedheid sien waarmee Hy ons verlos: Hy moet vir ons so goed wees dat Hy ons uit ons nood help sodat ons weer ons self moet help.

Dan kry ons hierdie tipe geestelikheid met hierdie beeld van goedheid wat ons in ons rondra: Jesus moet ons skuld wegvat sodat ons nie meer in die skuld by God is nie en dan moet Hy ons weer leer om ons self te help om God lief te hê en te dien.

Dit is dan hoe ons God se goedheid vir ons sien! Jesus help ons sodat ons weer kan leer om ons self te help om God te dien en lief te hê.

Hierdie opvatting van 'n goedheid wat jou help om jouself te help, is egter totaal in stryd met wat Paulus oor God se goedheid verkondig.

- Die wyse waarop God vir ons goed is en ons verlos word só beskryf: Hierdie redding kom nie uit julle self nie en daarom het ons niks om op te roem nie;
- Hierdie redding is van die begin tot die einde 'n gawe en kan nooit iets anders wees as 'n gawe nie.
- Hierdie redding kom nie uit eie werke nie, nie deur enige verdienste nie.

Daarom is dit onmoontlik dat ons hierdie redding so kan beskryf: Jesus help jou om jouself te help.

4. So! Ons gewone beeld van goedheid as die welsynshulp om iemand te help om homself te help, is glad nie van toepassing op die Here se goedheid en redding nie.

Die waarheid oor God se goedheid en verlossing dat God alles alleen doen om ons te verlos en dat dit alles net 'n gawe is en nooit iets anders as net 'n gawe kan bly nie, maak dat ons hierdie goedheid dan in ons eie gemoed so aanvaar dat ons God se goedheid nie anders kan sien as die goedheid wat ons afhanklik maak van God as ons permanente welsynswerker nie.

Met hierdie maatskaplike beeld van permanente afhanklikheid van God as ons welsynswerker beteken dit dat ons onself moet sien en aanvaar as so versukkeld

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

met ons sondes en behoeftig deur ons sondes, dat ons geestelik in 'n permanente staat van hulpbehoewendheid is.

Daarom sien ons God se goedheid net soos die daaglikse, weeklikse of maandelikse besoek van 'n welsynswerker wat sy goedheid kom betoon deur ons die goed te gee wat ons geestelik aan gebrek ly. Hier is jou kospakkie vir die dag, die week of maand. Jou pakkie liefde, jou pakkie genade of jou pakkie barmhartigheid binne jou permanente staat van versukkeldheid en gebrekkigheid.

Om in God se goedheid te glo is vir ons baie keer al om in ons geestelike gebrekkigheid te sit en wag op die geestelike welsynsgeskenke wat Hy moet kom uitdeel.

Dit is dan ook hoe ons die woord dankbaarheid begin verstaan het: ons moet weet ons is en leef totaal geestelik gebrekkig en versukkeld en moet dankbaar wees dat God ons permanente welsynswerker is wat elke keer ons nood in ons gebrek en versukkeldheid kom verlig.

Volgens hierdie welsynsbeeld oor God se goedheid is god se goedheid die permanente versorging van geestelike gebrekkige en versukkeld mense, waarvoor hulle Hom met insiklike gediensdigheid moet dank betoon.

Dankie vir U goedheid! Dankie vir die welsyn! Dankie vir u pakkie liefde, U pakkie genade, U pakkie barmhartigheid!

5. Die goedheid van God vir sondears in hierdie Efesiërs 2 is totaal iets anders as hierdie maatskaplike waanbeeld wat ons van God se goedheid het as die uitkoms wat Hy gee vir mense wat in 'n permanente staat van geestelike gebrek en versukkeldheid leef en dit is ook totaal iets anders as die maatskaplike beeld van goedheid dat Jesus jou help om jouself te help!

Dit is wat u in ons teksvers moet hoor: "God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om onself te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."

Hierdie goedheid is nie hulp om te leer om jouself te help nie. Hierdie goedheid is God wat skep, nie God wat mense leer nie. Hierdie goedheid is nie welsyn vir mense wat permanente gebrekkig en versukkeld is nie. Dit is die tipe goedheid wat jou herskep om die goeie werke te kan doen waarvoor God jou bestem het toe, waarvoor Hy jou gemaak het.

6. Die sleutel wat die Woord van die Here ons in Efesiërs 2 gee om die goedheid van God te ken en te glo is dat die goedheid van God in Efesiërs 2 is dieselfde goedheid van God wat in Genesis 1 verkondig word as die goedheid waarmee God God is en

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

waarmee Hy Skepper is. Hierdie goedheid van God waarmee Hy God is en goed is vir sy skepping is heeltemal iets anders as ons opvatting oor goedheid as welsynshulp.

Paulus is in Efesiërs 2 en 4 besig om

- 1. die goedheid van God soos in Genesis 1 bekend gemaak is, te verkondig en
- 2. direk besig met die verduideliking van Genesis 1 verse 26 en 27 oor hoe Christus ons weer as die beeld van God herskep.

Drie woorde in Efesiërs 2 vers 10 is woorde wat uitsluitlik gebruik word vir wat god doen en nie wat mense doen nie: maak, skep en bestem.

God het ons gemaak, God het ons geskep en God het ons bestem.

Dit is alles wat in Genesis oor God en die mens openbaar word: God het ons gemaak soos Hy elke ander deel van sy skepping gemaak het. Ons is nie iets wat sommer net van self ontwikkel het nie. Ons is gemaak. God het ons geskep dui op die uniekheid van ons as mens dat ons 'n Skepper het en nie maar sommer net gebeur het nie. Ons is geskep. Bestem dui daarop dat God ons gemaak het met 'n bedoeling wat Hy vir ons het en waarvoor Hy ons gebruik. Ons gee nie sommer maar net self betekenis aan ons lewe nie. Ons is bestem.

Die goedheid van God is om goed te wees as God met en vir sy skepping. Dit het ons verlede keer ook in Psalm 104 se uitleg en verkondiging van Genesis 1 gesien.

- God maak ons en Hy maak ons goed. Ons is goed gemaak!
- God skep ons en ons is goed geskep. Os is goed geskep!
- God bestem ons om mens te wees soos Hy bedoel ons mens moet wees en dit is 'n goeie bestemming!

God se goedheid is sy vreugde. Hy is wat Hy is en Hy is goed. Hy maak wat Hy maak en wat Hy maak is goed. Hy sorg goed vir wat Hy maak en Hy verheug Hom in sy goedheid vir en met sy skepping.

Om iets goed te maak en goed te wees vir wat jy gemaak het, is mos heeltemal iets anders as om welsynsgebare te maak aan hulle wat gebrekkig, versukkeld en sleg is.

7. Die goedheid van God wat Paulus hier verkondig gaan oor die betekenis van Genesis 1 verse 26 en 7: God het die mens as sy beeld geskep.

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

Met 2 vers 10 wys Paulus dat Christus laat ons weer so goed wees dat ons weer is soos god ons as sy beeld gemaak het. Paulus verduidelik 2 vers 10 in 4 vers 24 nog uitvoeriger op die volgende wyse:

“Ja, trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid as beeld van God geskep is.” NAV

Om beeld van God te wees beteken om só goed te wees en goed te doen soos God bedoel het dat mense goed moet wees. Die goedheid waarvoor God mense bestem het, is om regverdig te wees: om reg lief te kan hê. Die goedheid waarvoor God mense bestem het, is om heilig te wees: om volkome lief te kan hê.

Só is God goed!

Hy maak ons só dat ons goed gemaak is: om reg en volkome lief te kan hê soos mense gemaak is om lief te kan hê. Hy maak ons om goed te wees: om bedoel te wees om reg en volkome te kan liefhê soos mense liefhet.

Dit is God se vreugde in die mens. Goed gemaak om goed te wees! Nie sleg gemaak om altyd maar versukkeld en gebrekkig in liefde te wees nie.

8. Is dit waar van wie ons is en wat ons doen? Goed gemaak om goed te wees en goed te doen!

Dit is dalk hoekom u bietjie sinies en apaties na die inhoud van hierdie preek kan luister. Kyk ons na ons self en wat ons doen, kyk ons na ander en wat hulle met hul self en met ons doen, dan is die teendeel juis waar. Ons is met die kwaad besig, versukkeld en gebrekkig in liefde en sleg vir onself en vir mekaar.

Dit is hierdie kennis van onself en ander se liefde wat maak dat ons god net kan sien en ken as ons Groot welsynswerker. Die Groot welsynswerker wat maar net elke dag, week en maand weer sy gawes, sy geskenkpakkies van liefde, genade en barmhartigheid moet kom uitdeel aan slegte, versukkelde en gebrekkige mense moet kom uitdeel.

Ons is God se welsynsgevalle wat Hy goed versorg! Want ons is nooit soos Hy ons gemaak het nie: goed gemaak om goed te wees en goed te doen nie.

9. In hierdie siniese en apatiese aanhoor van hoe God ons goed maak om goed te wees en goed te doen, moet u in die Woord van die Here juis die ontdekking maak van wat is hierdie goedheid wat hier verkondig word wat ons goed maak om goed te wees en goed te doen.

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

Hier word gepraat van 'n herskep, 'n weer skep. Ons is nie goed gemaak omdat ons geskep is, is deur God nie. Ons is goed gemaak omdat ons "in Christus Jesus geskep is". Ons is "in Christus Jesus" weer geskep soos god in Genesis 1 geskep het.

Wat is hierdie "in Christus geskep"? Hierdie nuwe skepping wat ons goed maak om goed te wees en goed te doen?

Paulus stel dit so: ons is saam met Jesus uit die dood opgewek en ons het saam met Christus 'n plek in die hemel gekry waar Hy as Christus heen opgevaar het en aan die regterhand van God die Vader sit.

Saam met Christus omdat ons ingesluit is in Christus en alles wat Hy as mens is met Hom deel.

Dit is die nuwe skeppingsdaad van God waarmee Hy ons nuwe mense maak, die nuwe mens maak wat ons volgens 4 vers 24 moet aantrek. God sluit ons in Christus in. Dit is nie iets wat ons ons self verbeel nie. Dit is nie 'n verhouding wat ons met Christus aangaan nie. Dit is nie iets waarin ons onself inleef en beleef nie. Insluiting in Christus is 'n skeppingsdaad van God net soos Hy sy skepping gemaak het in Genesis 1.

God laat ons alles deel met Christus wat Hy as mens vir ons in ons plek is! Hierdie laat deel wees van Christus is 'n skeppingsdaad van God net soos Hy die hele kosmos geskep het deur sy Woord.

Dit is hoe God ons nuut herskep! Hoe Hy ons goed maak om goed te wees om goed te doen. Hy sluit ons in in Christus en laat ons deel in alles wat Christus as mens vir ons is.

10. Dit is wat die Here vir ons vanoggend in die nagmaal wys en van verseker. Ons deel in hierdie skeppingsdaad van God: Hy sluit ons in Christus in en Hy laat ons deel in wie Christus as mens in die hemel vir ons is.

Goed gemaak om goed te wees en goed te doen deur hierdie skeppingsdaad van God: ingesluit in Christus om alles met Hom te deel.

Gebreekte boord en wyn wat uitgegiet is. Dit is wie die Here as mens vir ons in ons plek is. Hy het die skaamte en oordeel gedra van hulle wat versukkeld, gebrekkig en sleg is in liefde. Liefde wat nooit reg en volkome is nie. God het Hom in sy oordeel as sukkelaar en slegte mens veroordeel en verwerp. Hy is die gebreekte sukkelaar in liefde gewees. Dit sien en voel u in gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is.

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

Dit is wie Hy in my plek vir God was wat ek nooit self sal wees nie. Ek is nie die gebreekte brood en wyn wat uitgegiet is nie. Hy is!

Hy deel alles wat my in en deur my sonde skaam en versukkeld voor god moes maak op so wyse met my dat Hy ingesluit is en deel het daarin. Dit is nie my mening nie. Dit is nie my gevoel nie. Dit is nie my verhouding met die Here nie. Dit is nie eers my geloof nie. Dit is die nuwe skeppingsdaad van God! Hy is my sonde aan die kruis en in die graf.

Christus laat my wees hoe ek gemaak, geskep en bestem is om te wees deur God! God sluit my in Hom in en laat wie Hy is myne wees. Hy is die regverdige en heilige mens vandag in die hemel volgens Romeine 6 ver 10. Dit is met Hom wat ons nou volgens Efesiërs 2 vers 6 saam 'n plek in die hemel het. Dit beteken nie in hierdie teks eerstens dat ons hemel toe gaan nie, maar dat ons ingesluit is en deel in wie Hy as mens in die hemel is: dit is ons plek. Dit verkondig Paulus in Efe. 4: 24 dan: ons is die regverdigheid en heiligheid wat Jesus vandag as mens in die hemel is, want ons in sy regverdigheid en heiligheid as mens ingesluit en ons deel dit met Hom vandag.

In hierdie vereniging met Christus maak God ons goed om goed te wees en goed te doen! Maak Hy ons heilig en regverdig om reg en volkome lief te hê deurdat Hy ons liefde in Christus vir Hom reg en volkome maak en laat wees.

Dit is die vreugde wat die wyn en brood vir ons wys en van verseker: ons leef in die vreugde om vir God goed te wees en goed te doen, want dit is wie Hy ons in ons vereniging met Christus vir Hom laat wees.

11. Paulus verduidelik in Galasiërs hierdie goedheid van God waarmee Hy ons goed laat wees en goed laat doen, met die voorbeeld van die verskil tussen die goedheid van arbeiders teenoor hulle baas teenoor die goedheid van kinders vir hulle vader.

Die wyse waarop God vir ons goed is, is deur ons as sy kinders aan te neem. Die wyse waarop God ons vir Hom goed maak en ons lewe vir Hom goed laat wees, is om ons as sy kinders aan te neem. Hy maak ons lewe van arbeiders vir God die nuwe lewe van kinders van God.

Wat is die regte verskil tussen die lewe en werk van arbeiders teenoor hulle werkgever. En die lewe en werke van kinders met en vir hulle vader?

Kinders leef in die liefde van hulle vader en is deel van sy onderneming. Hulle verbly hulle in waarmee hy besig is en die bedrewe en goeie wyse waarop hy doen wat hy doen. Wie Hy is en wat hy doen is hulle eer. Daarom is dit ook hulle vreugde om deel te wees van die onderneming en 'n plek te kry in sy besigheid.

So doen hulle goed! Om saam te leef en saam te werk!

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

Arbeiders is altyd onvergenoegd en daarop ingestel om te wys dat hulle werkgewer vir hulle sleg is. Hulle vind geen vreugde in hom nie en hulle werk net vir goed. Hulle wil op geen manier deel wees of aanspreeklikheid vir die onderneming dra nie. Hulle het hul eie lewe en eie ondernemings en wil net vir arbeid beloon word.

12. God maak om weer goed te wees en goed te doen!

Dit is wat God met ons gedoen het toe Hy ons as sy kinders aangeneem het deur ons in te sluit in in alles wie Christus vir ons is te laat deel.

Watter ouer het al ooit so na sy kind gekyk? Watter ma sal 'n klein baba in haar arms vashou en dan voel hierdie is haar klein welsynsgevallietjie waarvoor sy altyd welsynspakkies sal moet opmaak en gee?

Dit is mos net nie wat 'n ouer se goedheid vir 'n kind kan wees nie. My liefde vir jou as kind is, is dat ek vir jou so goeie ouers sal wees dat jy so goed kan wees as waarvoor jy maak is en so goed kan doen vir waarvoor jy bestem is.

God se goedheid vir ons is geen welwillendheid vir geestelike versukkelde, gebrekkige en slegte mense nie.

God is goed vir sy kinders! Dit is sy vreugde as God om so goed te wees soos wat Hy as God goed is vir sy kinders. God is goed vir sy kinders! So goed dat Hy hulle vir sy liefde goedmaak in Christus! God is goed vir sy kinders! So goed dat Hy hulle liefde vir Hom weer goedmaak en goed laat wees in Christus Jesus.

God het ons weer deel maak van sy familiebesigheid. Hy is Skepper en Hy is goed vir en met sy skepping. Dit is God se besigheid om goed te wees vir en met sy skepping. En ons is nou as kinders deel van hierdie familiebesigheid. Ons vind vreugde daarin om goed te doen in sy skepping met sy skepping en vir sy skepping

Dit is waarvoor Hy ons maak, geskep en bestem het in en deur Jesus Christus! My lewe is 'n lewe waarin ek besig kan wees met die goeie dade waarvoor God my bestem het. My lewe is nie om op welsyn te leef en self bietjie welsyn te doen nie.

God maak my goed te wees en goed te doen!

13. Só het God weer deel maak van die vreugde in Homself oor hoe Hy God is en goed is omdat Hy is wat Hy is. Hy het ons as sondaars sy kinders maak en Homself ons Vader maak.

Ingesluit in alles wat Christus vir ons is.
Deel van alles wie Christus vir ons is.

God laat ons deel in die vreugde om goed te wees en goed te doen

In Christus Jesus geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor God ons bestem het.

Ek kan in Christus so vir God leef: goed gemaak om goed te wees vir God en goed te doen vir God.

Daarom moet ons in die geloof in wie die Here ons maak en laat wees, breek met hierdie valse welsynsbeeld oor God en onself!

Ons is maar altyd geestelik versukkelde mensies! Ons is maar altyd weer geestelike gebrekkige mensies! Ons is maar altyd weer net slegte ou mensies!

Ons kan maar net sit en wag op die Groot welsynswerker se pakkies wat Hy weer aan ons moet kom uitdeel – 'n pakkie liefde, 'n pakkie genade en 'n pakkie barmhartigheid!

Ontdek in die geloof wie u is en waarvoor jy bestem is: om goed te doen en goed te wees. Ons is kinders in die huis van ons Vader. Ons leef met die vreugde om elke dag op te staan en deel te wees van die groot onderneming van die skepping waarmee Hy besig is. Dit is ons vreugde om saam met Hom te leef en werk. Dit is ons eer om saam met Hom te leef en werk.

Ons is nie arbeiders is kampongs nie!

Ons staan nie wrewelrig en weerspanning op om aan 'n onderneming te gaan werk waarvoor ons geen sin en lus het nie. Ons gaan slaap nie met die onvergenoegdheid dat ons te veel gedoen het en te min gekry het nie. Ons sit nie en broei in ons bitterheid oor hoe ons moet werk terwyl ons nie ons eie lewe kan leef soos ons dit wil leef nie.

Ons leef in die vreugde: kinders van God ons goeie Vader! Kinders wat vir God goed is en goed doen uit die geloof in sy liefde vir ons deur Jesus Christus.

God is goed! God laat ons goed wees en vir Hom goed doen.

Sien dit in die tekens wat die Here vir ons gegee het om ons in hierdie vreugde te versterk: wyn om ons harte te verkwik, brood om ons te versterk.

In Christus ingesluit om alles met Hom te deel om so weer goed te wees en goed te doen vir ons goeie Vader!